

Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.

ds. PJ Kriel

16.06.2019

Inhoud Hierdie preek wys dat goddeloses Christus sonder rede haat, net omdat Hy God is wie ons genadig is en lief het. Goddeloses haat Christus juis daarvoor dat Hy alle redes om godloos te wees deur sy verlossing weggevat het, want nou is hulle ontmasker as mense wat God net haat omdat Hy is wat Hy is – God. Soos hulle God haat net omdat Hy God is, so sal hulle ons wie kinders van God is ook haat – sonder enige rede wat ons sou gee om deur hulle gehaat te word. Omdat geestelikes die kerk weer 'n staatskerk vir die nasie wil maak, wil hulle dat ons moet aanpas by die goddeloosheid van die openbare gemeenskap. Daarom maak hulle asof ons gehaat word met redes wat ons sou gee om gehaat te word en moet ons daarom verander om die geestelikheid van 'n goddelose gemeenskap te word. Christene glo nie hierdie haat nie en ken dit as haat sonder rede. Haat vir God net omdat Hy God is en haat vir ons net omdat ons kinders van God is.

Skriflesing Johannes 1: 11-13, 16, 17; Johannes 15: 18 – 27; 1 Johannes 3: 11 – 16

Teks 15: 25 Hulle het My sonder rede gehaat. 20 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie.

Tema Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.

1. Christus openbaar in hierdie gesprek in watter posisie sy genade en liefde ons in hierdie wêreld gaan plaas. Omdat Hy ons sonder enige rede genadig is en liefhet, sal Christus en ons deur die goddelose wêreld sonder enige rede gehaat word.

Ons leef vandag al meer en meer in 'n tyd waarin geestelikes in kerke al meer en meer redes vir ons as gelowiges gee hoekom die openbare gemeenskap ons as Christene sou haat.

Die doel vir hierdie belasting van ons gewete, as sou ons die rede wees vir die haat van die goddelose openbare gemeenskap teen ons, is gewoonlik sodat ons ons self moet verander en aanpas by die goddelose gemeenskap, dat ons teenoor die goddelose openbare gemeenskap skuldig staan en hulle moet vergoed, en om ons uit die openbare gemeenskap te isoleer om selfingekeerde kultusse in ons eie geestelike wêreld te wees, wat nie deel van die openbare gemeenskap is nie.

2. Teenoor elke rede wat ons volgens die geestelikes van vandag vir mense sou gee om ons te haat, van morele andersheid tot mensvreemdheid, kom gee die Here die werklike rede waarom die goddelose wêreld Hom en ons as kerk sal haat: sonder rede!

Hulle haat God sonder rede as God net omdat Hy is wat Hy is, en daarom sal hulle ons wie deel van sy genade en liefde is, sonder enige rede van ons kant af haat. Hulle sal ons ook sonder rede haat.

Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.

Ons moet die Woord van die Here hoor en glo om vry te kan leef van die juk wat geestelikes op ons as gelowiges wil sit om te dra, dat goddeloses ons haat asof ons hulle redes gee om ons te haat. Ons mag nie hierdie juk dra nie want hulle wil net hê dat ons by die goddelose gemeenskap sal aanpas deur onself te verloën.

3. Ons leer ons kinders van kleinsaf om die gewone haat in hierdie wêreld te herken en te hanteer. Dit is vir mense se haat omdat jy beter doen en beter is as hulle. Daarom moet ons ons kinders aan die een kant leer om na hulle vermoë te presteer, maar terselfdertyd om die haat omdat hulle presteer te hanteer. Dit is haat omdat jy beter doen en beter presteer! Leer ons dit hulle nie dan onderpresteer kinders net sodat hulle nie die die wat nie werk en presteer gehaat moet word nie.

Dit is die tipe haat wat ons by elke prefekteverkiesing en prysuitdelings by skole sien. Hulle haat jou met 'n rede en jy ken die rede hoekom hulle jou haat: dit is omdat jy hard werk en presteer. Dit is ook die posisie waarin ons as landbougemeenskap, en eintlik die hele produksiegemeenskap in die land in is. Ons word gehaat omdat ons hard werk en presteer.

Ons leef in 'n baie gevaarlike tyd in Suid – Afrika, want ons dink dat ons ons posisie in 'n godlose gemeenskap kan handhaaf en onself aanvaarbaar maak deur te werk en te presteer. Dit is egter juis waarvoor ons gehaat word. Ons arbeid en prestasie maak dat ons nie van goddeloses se heerssugtigheid afhanklik is nie en dat hulle onvermoëns opsigtelik is. Daarom is die dinamika van hierdie haat om ons te haat met 'n rede, omdat ons werk en presteer.

4. Wanneer Christus ons waarsku oor die posisie van haat waarin sy genade en liefde ons in die wêreld plaas, mag ons dit nie met hierdie bekende haat verwar nie, hierdie haat vir ons omdat ons hard werk en presteer nie. Hierdie is haat met 'n rede! Ons arbeid en prestasie is die rede vir hoekom ons gehaat word.

Christus waarsku ons as sy kerk hier teen 'n ander tipe haat wat totaal anders werk as die haat wat ons in die wêreld ken: om sonder rede gehaat te word soos Hy as God sonder rede gehaat word!

Kom ons kyk hoe wys die Here ons hoe en hoekom die wêreld Hom as God haat sonder rede.

Hoekom haat die wêreld die Here sonder rede?

Christus stel dit so: “As Ek nie gekom het en met hulle gepraat het nie, sou hulle nie skuldig gewees het nie; maar nou het hulle geen verskoning vir hul sonde nie.” (Joh. 15:22) en “As Ek nie by hulle die werke gedoen het, wat niemand anders gedoen het

Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.

nie, sou hulle nie skuldig gewees het nie, maar nou sien hulle dit en tog haat hulle My en my Vader.” (Joh.15: 24)

Met die uitdrukking “Ek het gekom”, wys die Here op sy geboorte as mens, sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding uit die dood. Dit is hoe Hy “gekome” het. Die werke wat Hy doen wat niemand anders gedoen het nie is ook hierdie werke: sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding uit die dood vir sondaars se sonde.

Met hierdie werke waarvoor Hy gekome het, neem die Here die oordeel, vloek, en straf van sondaars se sonde op Hom sodat sondaars nou binne die liefde en genade van God kan leef, al is hulle nog sondig en doen hulle nog sonde.

5. Dat die goddelose wêreld nou skuldig is vir hulle sonde sonder enige verskoning, beteken nie dat die Here se lyding en sterwe hulle op 'n nuwe manier skuldig maak so asof hulle eers net vir die oortreding van die wet skuldig was, maar nou nog boonop skuldig vir die Here se lyding en dood is nie. Hierdie opvatting is sommers net die geestelike terreur van valse leraars teen kinders van die Here.

Goddeloses is nou skuldig voor God, sonder verskoning, sonder enige rede om voor God skuldig te wees. Hulle is nou sonder rede skuldig!

Sonder rede skuldig beteken hulle kan nie meer die verskonings vir hulle goddeloosheid gebruik asof God se wet te moeilik vir hulle is, asof God hulle nou maar net so gemaak en gelos het, asof God vir hulle kwaad, woedend en toornig op hulle is en hulle nie liefhet het nie omdat hulle sonde doen.

Jesus Christus het al hierdie verskonings hoekom hulle goddeloses sou moet wees weg gevat. Want deur die werke wat Hy doen, maak Hy nou sondaars sonder dat hulle self die wet moet volbring en vergoed, en boetedoening doen as hulle dit nie volbring het nie, deel van God se genade en liefde.

6. Christus se werke van sy geboorte tot sy hemelvaart bring die verskil tussen om met redes en verskonings sondig te bly en om sonder enige rede of verskoning sondig te bly.

Goddeloses wil aanhou sondig met redes, met verskonings!

Hulle kan voorhou hulle is kamstig te sleg vir God, te skaam vir God, te vernederd voor God, te onheiligh vir God. Hulle kan voorhou is hulle vir God te kwaad omdat Hy hulle straf en oordeel. Hulle kan voorhou dat God net te veeleisend en onmenslik is. Daarom is dit in hulle gemoed eintlik God wat skuldig is dat hulle aanhou sonde doen. Só bemagtig goddeloses hulle eie goddeloosheid in en deur God self.

Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.

Met sy werke het Christus al hierdie redes en verskonings vir hulle goddeloosheid weggeneem. Want nou neem God sondaars in sy genade en liefde aan.

In watter posisie plaas die werke van Jesus nou hierdie goddeloses?

Nou is hulle skuldig sonder rede, sonder verskoning! Alle redes en verskonings waarin hulle kon aanhou sonde doen omdat God te goed, te erg, te kwaad en te liefdeloos sou wees, het die werke van Jesus weggeneem. Christus maak sondaars wat sonde doen, nou heilig regverdig, waardig, aanneemlik en goed vir God se liefde. Wanneer hulle nou aanhou sondig bly, is dit omdat hulle goddeloos wil wees, nie omdat God op een of ander wyse die rede of oorsaak van hulle goddeloosheid sou wees nie.

En dit is hoekom hulle Jesus Christus sonder rede haat! Omdat Hy hulle skuldig gemaak het, sonder redes om skuldig te wees. Hulle is nou skuldig omdat hulle goddeloos is en wil wees. Hulle haat is hoe hulle hul self bemagtig om goddeloos te bly en aan te hou sonde doen, sonder rede. Hulle is so en doen so, net omdat hulle so is en wil wees.

7. Dit is die posisie waarin Christus se genade en liefde goddeloses met sy werke plaas. Hiervoor haat hulle Hom redeloos omdat hulle nou ontbloot is vir wie hulle is: mense wat God redeloos haat. Mense wat God haat net omdat Hy is wat Hy is: die goeie Skepper van hemel en aarde.

Dit is die ontmaskering en ontwapening wat met goddeloses plaasvind deur die Here se geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding vir sondaar in hul plek as sondaars: Hy ontbloot goddeloses as mense wie God sonder rede haat net omdat hulle Hom wil haat omdat Hy God is soos Hy God is.

Hy ontbloot al hul redes waarmee hulle God haat as net verskonings wat geen redes kan wees nie. Hulle wil en sal altyd buite God se liefde leef, ook al is Hy genadig, want hulle haat Hom vir wie Hy is, sonder enige rede anders as net dat Hy is wie Hy is.

8. 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie!

In hierdie goddelose wêreld, ook in hierdie goddelose land waarin ons leef, sal ons as gelowiges haat soos hulle ons Here haat – sonder rede!

Hoe so?

Ons ken almal die manier waarop goddeloses ons as gelowiges probeer gebruik as die rede hoekom hulle nie deel van God se liefde kan wees nie, maar moet aanhou sondig wees!

Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.

Hoe ons hul verskonings moet wees om nie in God se liefde te leef nie klink elke dag só:

- Hulle verskoning is dat hulle nie so vroom soos ons kan wees nie omdat hulle hart vol verkeerde gesindhede is wat hulle nie wil maak asof dit nie daar is nie.
- Hulle verskoning is dat hulle nie so geestelik soos ons kan wees nie omdat hulle nie wêreldvreemd kan wees nie maar net menslik is.
- Hulle verskoning is dat hulle nie so godsdienstig soos ons kan wees nie want hulle kan maar net wees wat hulle is en soos hulle is en dit is nie soos God dit wil hê nie.
- Hulle verskoning is dat hulle nie so bekeerd soos ons kan wees nie, want hulle hou nog aan met sondes waarvan hulle bekeer. Hulle doen herhaaldelik verkeerde dinge oor en oor.
- Hulle verskoning is dat hulle nie so voorbeeldig soos ons kan wees nie want hulle is gewone mense wat maar nog aanhou foute maak.

9. Dit is hoe hulle ons as rede wil gebruik hoekom hulle aanhou sondig bly in hulle goddeloosheid: omdat ons te hard vir God werk en beter vir God presteer wat hulle vir God kan werk en presteer!

Dit is hoe hulle ons as verskoning wil gebruik om ons weer op die ou bekende manier te wil haat: omdat ons vir God hard werk en teenoor God presteer! Dit is hoe alle goddeloses enige vorm van godsdiens minag en haat: wie godsdienstig is, gee hulle die rede om God en sy dienaars te haat.

God en sy kinders is die rede vir goddeloses se haat vir God en sy kinders!

En toe kom Christus en doen die werke wat net Hy alleen gedoen het! Hoe ons deel is van God se liefde en genade kondig die apostel Johannes aan in Johannes 1: 12 en 13: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van ’n mens of die besluit van ’n man nie, maar God is hulle Vader.”

Sonder enige goeie werk of prestasie vir werk, maak Christus ons kinders van God en laat ons in die liefde van sy Vader leef. Wie ons is en hoe ons leef, kom nie uit ons goeie geaardheid nie, ons is dit nie van nature nie. Dit is nie deur enige geestelike drange in ons nie en ook nie deur al die morele en geestelike besluite wat ons neem nie.

Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.

Alles waarmee goddelose mense hul in en deur ons verskoon oor hoekom hulle nie kinders van God kan wees nie, is ons ook, en ten spyte daarvan bly ons in die liefde van God. God maak ons wie ons is, ons is die nie omdat ons goed is en geestelik en moreel presteer nie.

Daarom haat hulle ons net soos Christus, sonder rede. Sonder dat ons goedheid en geestelikheid die rede kan wees waarvoor hulle ons haat. Ons mag nooit met goddelose mense solidariteit vermoed omdat ons ook in ons self nog sondig is nie. Wie ons deur Christus se genade en liefde is, maak dat hulle ons sonder rede haat Omdat ons kindskap 'n gawe van God is, haat hulle ons dat hulle nie meer ons goeie lewe en besondere geestelikheid as verskoning kan gebruik hoekom hulle nie kinders van God is nie.

10. Ons as kerk in Suid Afrika sal die haat teen ons wat ons al meer ervaar moet begin verreken. Die fokus en effek van hierdie haat teen ons as gelowiges is dat ons nog net 'n subkultuur mag wees wat een kant buite die openbare lewe met ons eie lewe besig is.

Ons mag nie meer ons waardes en gehoorsaamheid aan God deel van die openbare lewe maak nie.

- Dit sien ons in die velle kritiek van mense wat hul as Christelik voorhou op die hoofregter van ons land wat vrymoedig as gelowige 'n gebed vir die president wat ook 'n Christen is, uitspreek tydens sy bevestiging. Christene mag nie meer openbare gebede doen nie.
- In die verdringing van Christelike gebed en waardes in skole, en
- In die staat se wetlike afdwing van goddelose verhoudings in kerke met troues.

Die Christendom word geprivatiseer en God word uit die openbare lewe verdring. Hy mag nog God iewers in privaatgrotte en gate wees, maar nie meer die God van die openbare gemeenskap nie.

Vandag se geestelikes wil hê ons met solidêr wees met hierdie goddeloosheid. Ons as kerk van die Here moet die geestelikheid van en vir die nasie wees, sonder dat ons God en ons waardes deel van die openbare gemeenskap mag wees. Om solidêr met hierdie goddelose gemeenskap te wees, moet ons elke dag volgens geestelikes onself ondersoek en die redes hoekom ons vir hierdie goddelose gemeenskap nie aanvaarbaar is nie regstel, sodat ons die kerk vir die nasie kan wees.

Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.

- Ons moet ons versoen met die nuwe nasie en deur ons versoening die nuwe geestelikheid vir die nuwe nasie wees.
- Ons moet ons eiendom oor gee en weggee sonder vergoeding sodat ons ons sondes van die verlede kan regmaak, en só die nuwe morele krag van die nasie kan word.
- Ons moet ons nuwe geloof in God uitlos en meer wetenskaplik in ons geloof word.
- Ons moet net al meer en meer liefde uitstraal en ons weerloos in liefde oorgee aan hulle wat ons haat met gemeenskapsdiens.

Dink u vir een oomblik dat die haat van goddeloses vir God en sy kinders redes het en as ons hierdie redes wegvat deur aan te pas by hulle eise, hulle God en ons nie meer sal haat nie?

Dit is die vryheid wat u in die woorde van die Here moet vind!

Hulle haat Christus juis omdat Hy alle verskonings hoekom hulle goddeloos is, weg gevat het. Hulle haat om nou net omdat Hy God in genade en liefde is. En só sal hulle ons ook vir ons liefde en diens haat, sonder rede.

Ons mag nie onself uitverkoop aan die goddeloses in hierdie land deur te glo dat wanneer ons aanpas by hulle goddeloosheid, hulle ons sal liefhê nie. Hulle haat God sonder rede net omdat Hy god is en só sal hulle ons ook haat.

Betekén dit ons moet hulle haat met haat antwoord?

Dit kan ons nie. Ons het ons vyande lief.

Maar ons steur ons nie aan hulle redelose haat so asof ons onself moet ondersoek en verander omdat hulle ons met geldige redes wat ons vir hulle sou gee, haat nie. Ongestoord leef ons in God se genade en liefde en ongestoord sal ons God openlik gehoorsaam en liefhê sonder om ons te steur aan hulle haat sonder redes.